**OESTERBAAI INWONERSVERENIGING**

**NOTULE: VERGADERING VAN DIE BESTUURSKOMITEE GEHOU OP 5 JUNIE 2023 OM 14:00 TE H/V BRANDER EN ROMANSTRATE, OESTERBAAI**

**TEENWOORDIG**

Walter Kurten
Adriaan van Wyk
Otto Pepler
Riekie Pienaar
Anita Swanepoel
Buks Degenaar
Martiens Kuneke
Maranda Degenaar

**1 OPENING & VERWELKOMING**

Walter heet almal teenwoordig welkom. Hy open die vergadering met gebed. Dit is met leedwese dat hy noem van Johan Maré se afsterwe.

**2 VERSKONINGS**

Geen.

**3 AANVAARDING VAN VORIGE NOTULE**

Die notule van die vergadering, gehou op 13 Desember 2022 om 10:00 te Mosselstraat word aanvaar en goedgekeur. Voorgestel: Maranda. Sekondant: Martiens.

**4 SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**

**4.1 FINANSIES**

Martiens bespreek die Finansiële Staat, 1 Desember 2022 tot 31 Mei 2023. Sien aangeheg.

| | |
|---|---|
| Totale Inkomste | R58 352.50 |
| Totale Uitgawes | R 3 420.00 |
| Oorskot | R 54 932.50 |

Hy meld ook dat daar tans 171 lede uit 78 huishoudings is wat ledegeld betaal het. Daar is 37 donateurs.

Martiens vra weer dat die komiteelede wat uitgawes vir die dorp aangaan, die uitgawes moet indien. Dit is nie regverdig dat lede dit uit hulle eie sakke dra nie, bv. paaie, asblikke, naambord vir staproete, skoonmaak van die saal ens.

**AKSIE: MARTIENS**

**4.2 GEMEENSKAPSAAL**

Walter noem dat die verf vir die dak reeds in April afgelewer is. Die Munisipaliteit verwag nou dat die OIV die arbeid moet verrig. Walter het hulle meegedeel dat die OIV nie oor die professionele mannekrag beskik nie en dat ons nie die risiko van beserings kan neem nie. Walter noem dat die sementplate plek-plek bros is.

Otto onderneem om Christiaan te kontak vir die verf van die dak. Hy sal ook met Ben Schellingerhoudt konsulteer.

Die sement palissade wat uitgehaak is, is herstel, maar het nou by 'n ander plek uitgehaak. Adriaan noem dat die vroue die hoekpaal gebruik as stut wanneer hulle daar verby loop. Indien 'n stut daar geplant word, sal dit die probleem oplos. Die lemmetjiesdraad by die Noordekant se hek wat aan die hek haak, sal self herstel word.

Adriaan noem dat die verhoog 'n probleem bly, aangesien dit as stoorplek gebruik word.

Adriaan noem ook dat die Saal in groter aanvraag is, veral deur kerke. Die kombuis kan egter nie gebruik word voordat die plafon herstel is nie. Hy noem dat die krane wat van die watertenks gesteel is, vervang sal word.

Walter stel voor dat die oefenfiets aan Living Waters geskenk word. Anita sal dit reël.

**AKSIE: OTTO, ADRIAAN, WALTER, ANTITA**

**4.3 OMGEWINGSAKE**

**4.3.1 Duine**

Walter spreek sy kommer uit dat die grootste gedeelte van die begroting in die Wyk in Sea Vista aangewend word. Die nuwe begroting is eers teen 1 Julie beskikbaar.

Otto noem dat Nomvelo hom op Woensdag 7 Junie kom sien. Hy vra dat Walter en Buks ook die vergadering sal bywoon.

**AKSIE: WALTER, OTTO, BUKS**

**4.3.2 Verkeerseilande**

Walter noem dat die EPWP - werkers goeie werk by die eilande doen. Hulle verfraai ook by die Stortingsterrein.

**4.4 KOMMUNIKASIE**

**4.4.1 Kwartaalverslag**

Walter noem dat hy vanweë sy besige persoonlike lewe nie tyd gehad het vir die kwartaalverslae nie. Hy onderneem om so gou moontlik daaraan aandag te skenk.

**AKSIE: WALTER**

**4.4.2 Oesterbaai Nuus**

Walter noem dat Oesterbaaiers tog verlede jaar verneem het na 'n Nuusbrief. Hy vra weer dat alle Komiteelede nuus bymekaar moet maak vir die Nuusbrief.

**AKSIE: ALLE LEDE**

**4.5 WATERVOORSIENING**

Buks versoek om die daaglikse monitering van die watervoorsiening aan iemand anders oor te gee. Sy werk as Sekuriteitshoof hou hom nou baie besig. Otto onderneem om die funksie oor te neem. Hy versoek dat Buks nog een keer saam met hom sal stap om die waterbronne, pompe en pype te inspekteer. Buks meld dat hy betrokke sal bly by waterpype wat breek.

Otto meld ook dat beide pompe in Umzamowethu buite werking is. Die Munisipaliteit wag nog vir die pompe. Alle water vir Oesterbaai en Umzamowethu word tans uit die twee fonteine en een boorgat verkry. Indien die pomp vanaf die opvangput buite werking raak, gaan probleme ondervind word. Die bakkie vir Oesterbaai se watervoorsieningspersoneel is ook buite werking.

Otto onderneem om 2 kwotasies vir 'n kragopwekker te bekom. Walter en Otto sal dan weer 'n motivering aan die Munisipaliteit rig, insluitende aan die nuwe Adjunk Munisipale Bestuurder en relevante raadslede. Walter noem dat die Munisipaliteit elke jaar beloftes in die verband maak, maar daar kom niks van nie.

**AKSIE: OTTO, BUKS EN WALTER**

**4.6 PAAIE**

Buks sê dat hy vir die padskraper wag. Walter noem dat hy na navrae deur Rdl. Shena Ruth inset oor Branderstraat gemaak het, omdat met harde reën die straat in 'n rivier verander. Die vlak van die pad moet verhoog word met behoorlike dreineringslote teen $45^{0}$. Daar moet ook spoedwalle in die pad aangebring word.

**4.7 ALGEMENE JAARVERGADERING**

Walter noem dat dit goed afgeloop het en hy is besig met die notule.

**4.8 UMZAMOWETHU.**

Die dreineringsloot wat weer vol is, is gerapporteer. Rdl. Ruth werk ook daaraan.

Otto is van mening dat dit tot Oesterbaai se voordeel sal wees as ons Living Water se planne t.b.v. 'n kliniek sal ondersteun. Adriaan en Walter spreek hulle bekommernis uit oor die personeelvoorsiening van so 'n kliniek. (Gaan die gebou werklik gebruik word of gaan dit 'n herhaling van die tydelike geboue deur die Kouga Windplase vir die doel opgerig wees, wat nie benut word nie en totaal verval). Otto onderneem om met Herman te gesels en inligting in te win oor planne, wetgewing en registrasie van die beplande kliniek.

**AKSIE: OTTO**

**4.9 BRANDWEER**

Otto noem dat die brandkrane getoets is.

Otto sal in samewerking met Riekie, Nico van Rooyen en Walter 'n kaart maak waarop huidige brandkrane en die behoefte aan bykomende brandkrane aangedui word.

**AKSIE: OTTO**

**4.10 BIBLIOTEEK**

Walter noem dat die Biblioteek steeds wag vir die plafon.

Anita noem dat die getal Engelse lesers afneem en die getal Afrikaanse lesers neem toe. Jonger, nuwe intrekkers sluit nie by die Biblioteek aan nie. Die Biblioteek sal daarom aangepas moet word en meer Afrikaanse boeke sal aangeskaf word.

**AKSIE: ANITA**

**4.11 DORPSVERFRAAIING**

**4.11.1 Voetslaanpad**

Walter noem dat hy baie goeie terugvoer kry oor die Oesterbaai Vleiloeriewandelpad kry. Otto en Bouwen gaan die naambord voltooi. Martiens stel voor dat 'n goedkoper bord bygevoeg moet word met ander inligting (bv. wandelstok word aanbeveel, hou skoon ens.)

Otto sal die finale kwotasie vir Martiens gee. Riekie noem dat foto's vir die koerant geneem moet word.

**AKSIE: OTTO**

**4.11.2 NAAMBORD - VOORLEGGING BOUWEN SCHELLINGERHOUT**

Walter meld dat daar 'n oponthoud met die Oesterbaai/Umzamowethu naambord is. Die plek waar die muur gebou moet word, val binne Grass Ridge plaas se grond. Bouwen en Rufus onderhandel met die Munisipaliteit oor die grond.

Die kwotasie vir die projek beloop R57 000.

Daar is reeds 'n onderneming van 'n inwoner van R10 000. Die muur sluit ook plante en rotse in.

**AKSIE: OTTO EN WALTER**

**4.12 MUNISIPALE WYKSKOMITEE**

Die verslae word maandeliks ingedien.

Verkeerstekens is reggemaak, 'n aspek wat maandeliks as behoefte in die verslae vermeld word. Daar is ook deur die amptenare foto's van die straatname geneem.

**AKSIE: WALTER**

**4.13 VULLISDROMME**

Martiens sê hy sukkel om dromme te kry. Tommie het gesê hy sal dit kom aflewer. Die fabriek hou dit terug vir herwinning.

Otto onderneem om die Boerevereniging te skakel. Martiens onderneem om met Elmarie te skakel.

**AKSIE: MARTIENS, OTTO**

**4.14 BANKIES**

Buks meld dat die bankies op die strand gebruik word, ten spyte daarvan dat dit baie rondgeskuif word.

Walter stel voor dat nog 2 aangekoop word. Hy meld ook dat Johan Jacobs versoek het dat 'n bankie aangekoop word en 'n kennisgewing daarop aangebring word, dat dit ter nagedagtenis is aan oorlede Joe Meyer vir sy bydrae tot Oesterbaai. Een van die bankies sal vir die doel aangewend word.

**AKSIE: MARANDA**

**5. NUWE SAKE**

**5.1 WERKSVERDELING**

Die werksverdeling word bespreek. Die ooreengekome dokument sal op die webtuiste geplaas word.

**AKSIE: WALTER**

**5.2 TOILETGERIEWE**

Walter noem dat die toiletgeriewe 'n probleem bly. Die eienaars in Branderstraat wil dit nie daar hê nie. Walter sal Baba se selfoonnommer vir Maranda gee. Maranda onderneem om met Baba te praat oor die oop- en toesluit en skoonmaak van die geriewe.

**AKSIE: MARANDA**

**5.3 TOERISME BORDE**

Walter meld dat hy verskeie kere met Hantie van die Toerisme kantoor in verbinding was oor die vervanging van die vergane toerismeborde wat so 'n slegte beeld skep, maar sonder enige sukses. Riekie stem in om die verantwoordelikheid oor te neem. Walter sal sy e-posse in die verband aan Riekie aan te stuur.

**AKSIE: RIEKIE**

**5.4 DORPSTRATE**

Martiens onderneem om weer vir Adam te kry om die sypaadjie van die sementpad met onkruiddoder te bespuit.

Otto onderneem om weer spoedbrekers met die Munisipaliteit op te neem.

**AKSIE: MARTIENS, OTTO**

**5.5 BYDRAE VIR KINDERS WAT SPORT BEOEFEN IN UMZAMOWETHU**

Andries het Otto gekontak vir finansiële hulp om kinders na sportbyeenkomste te vervoer. Hy het die sportprogram vir Otto gegee. Die koste beloop R5 000 vir 5 maande. Die vergadering besluit dat die uitgawe nie haalbaar is nie.

Maranda stel voor dat Andries deur die skool moet werk en meld dat sy hom reeds hieroor ingelig het.

**6 VOLGENDE VERGADERING**

Die volgende vergadering sal volgens behoefte gehou word.

**7 AFSLUITING**

Walter bedank almal vir hul teenwoordigheid en deelname. Die vergadering word verdaag.

| | |
|---|---|
| ............................................. | ............................................... |
| **GOEDGEKEUR** | |
| **VOORSITTER** | **SEKRETARESSE** |

**DATUM:**